



Wes-Kaapse  
Regering

Kultuursake en Sport

---

# Jaarlikse Prestasieplan

2013/2014



Departement van  
Kultuursake en Sport  
Wes-Kaap

Jaarlikse Prestasieplan  
2013/14

Datum van tertafellegging  
7 Maart 2013

## VOORWOORD

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) se Jaarlikse Prestasieplan poog om die werk van die afgelope twee jaar te konsolideer en om ons nader te bring aan die verwesenliking van ons visie van 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe aktiewe Wes-Kaap.

Die verhoging van die vlakke van deelname aan sport, ontspanning, kuns en kultuur, veral onder die jeug, bly die hoeksteen van ons werk. Ons bly vasberade om ons verpligting na te kom om seker te maak dat ons jeug groter toegang het tot ons biblioteke, argiewe, museums en erfenis- en taaldienste. Ons dink dat dit slegs bereik kan word deur doeltreffende bestuur van ons hulpbronne en die implementering van gesonde administratiewe prosesse. Uitgebreide dienslewering wat versterk word deur ons kernwaardes van integriteit, rekenpligtigheid, bevoegdheid, simpatiekheid en sorg is die goue draad wat deur die DKES se programme loop; die etos wat volgens ons onderliggend is aan doeltreffende korporatiewe bestuur in die Departement.

Die MGO- (Massadeelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling en groei) sportsentra sal voortgaan om die grondslag te wees van ons sportontwikkelingstrategie. Die produkaanbieding by hierdie MGO-sentrums is hersien en groter klem sal geplaas word op gehalte as 'n wyse om deelname te verhoog. Die vennootskap met susterdepartemente soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en met die burgerlike samelewing sal verder versterk word en gebruik word om die MGO-program-ervaring vir ons leerders te verryk.

Biblioteke is nodusse wat die plaaslike leeropset, formeel sowel as informeel, verbind met die globale hulpbronne van inligting en kennis. Openbare biblioteke kan dus 'n rol speel wat van fundamentele belang is in die ontwikkeling van stelsels van lewenslange leer. Die snelle ontwikkeling van inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) het reeds die grondslag gelê vir die skep van inligtingsnetwerke wat selfs vir gebruikers van klein plaaslike openbare biblioteke toegang gee tot inligting van oral in die wêreld. DKES sal dus voortgaan om plaaslike biblioteke te ondersteun aangesien hulle nie net bewaarplekke van inligting is nie, maar dikwels ook die sentrum van gemeenskapslewe. Ondersteuning vir Kategorie B3- munisipale biblioteke en die instelling van IKT by openbare biblioteke sal dus verder gekonsolideer word.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan neem kennis van die feit dat groter deelname en toegang slegs moontlik is deur die vorming van doeltreffende vennootskappe om geleentheid te skep, regstelling moontlik te maak en om baie verbeterde, doeltreffende en billike en toeganklike dienslewering te verseker. Die plan is opgestel met die landelike streke in gedagte – hulle moet ook 'n regverdigde deel ontvang van die geleenthede wat deur die Wes-Kaap gebied word.



DR. I MEYER, LPP  
MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT

## AMPTELIKE BEKRAGTING

Ons, die ondergetekendes, sertifiseer hiermee dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Kultuursake en Sport onder leiding van Minister Ivan Meyer;
- Voorberei is in ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van die Departement van Kultuursake en Sport; en
- 'n Akkurate weergawe bied van die prestasieteikens wat die Departement van Kultuursake en Sport sal poog om te behaal, gegewe die hulpbronne waarvoor in die begroting vir 2013/2014 voorsiening gemaak word.

Brenda Rutgers  
Hoof- Finansiële Beampte

Handtekening



Brent Walters  
Rekenpligtige Beampte

Handtekening



Goedgekeur deur:

Minister Ivan Meyer  
Uitvoerende Gesag

Handtekening



<b>DEEL A: STRATEGIESE OORSIG .....</b>	<b>7</b>
1 Visie .....	7
2 Missie .....	7
3 Waardes .....	7
4 Wetgewende en ander mandate .....	7
4.1 Grondwetlike mandate .....	7
4.2 Wetgewende mandate .....	10
4.3 Beleidsmandate .....	13
4.4 Toepaslike hofbeslissings .....	16
4.5 Beplande beleidsinisiatiewe .....	17
5 Bygewerkte situasie-ontleding .....	17
5.1 Prestasie-omgewing .....	18
5.2 Organisatoriese omgewing .....	22
5.3 Beskrywing van die proses vir strategiese beplanning .....	23
6 Strategiese uitkomsgoriënteerde doelwitte van die instelling .....	24
<b>DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE .....</b>	<b>25</b>
7 Program 1: Administrasie .....	25
7.1 Strategiese doelwitte .....	25
7.1.1 Kantoor van die LUR .....	25
7.1.2 Finansiële bestuursdienste .....	25
7.1.3 Bestuursdienste .....	26
7.2 Strategiese doelwitte – Jaarteikens vir 2013/14 .....	26
7.3 Risikobestuur .....	27
7.4 Programprestasie-aanduiders – Jaarteikens vir 2013/14 .....	27
7.5 Kwartaalteikens vir 2013/14 .....	29
7.6 Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR .....	30
8 Program 2: Kultuursake .....	31
8.1 Strategiese doelwitte .....	32
8.2 Strategiese doelwitte – Jaarteikens vir 2013/14 .....	33
8.3 Risikobestuur .....	34
8.4 Programprestasie-aanduiders – Jaarteikens vir 2013/14 .....	35
8.5 Kwartaalteikens vir 2013/14 .....	38
8.6 Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR .....	42
9 Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste .....	43
9.1 Strategiese doelwitte .....	44
9.2 Strategiese doelwitte – Jaarteikens vir 2013/14 .....	45
9.3 Risikobestuur .....	45
9.4 Programprestasie-aanduiders – Jaarteikens vir 2013/14 .....	46
9.5 Kwartaalteikens vir 2013/14 .....	48
9.6 Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR .....	51
10 Program 4: Sport en Ontspanning .....	52
10.1 Strategiese doelwitte .....	52
10.2 Strategiese doelwitte – Jaarteikens vir 2013/14 .....	54
10.3 Risikobestuur .....	54
10.4 Programprestasie-aanduiders – Jaarteikens vir 2013/14 .....	55
10.5 Kwartaalteikens vir 2013/14 .....	58
10.6 Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR .....	61

DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE .....	62
11      Voorwaardelike toelae .....	62
11.1    Jaarteikens .....	62
11.2    Kwartaalteikens vir 2013/14 .....	65
12      Openbare entiteite .....	79

## AKRONIEME

DKES	Departement van Kultuursake en Sport
EWK	Erfenis Wes-Kaap
FBVP	Finansiële Bestuursverbeteringsprogram
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
HFB	Hoof- Finansiële Beample
IKT	Inligtings- en Kommunikasietechnologie
KFO	Kaapse Filharmoniese Orkes
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie
M&E	Monitering en evaluering
MGO-program	Program vir massadeelname; geleentheid en toegang; ontwikkeling en groei
MGO-sentrum	Sentrum vir massadeelname; geleentheid en toegang; ontwikkeling en groei
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
NAAIRS	Nasionale geautomatiseerde argiefinligtingherwinningstelsel (National Automated Archival Information Retrieval System)
NER	Nasionale Erfenisraad
NKR	Nasionale Kunsteraad
PALAMA	Leierskaps- en Bestuursakademie vir Openbare Administrasie
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PK	Provinsiale Kennisgewing
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (South African Heritage Resources Agency)
SITA	Staatsinligtingstechnologieagentskap
SLIMS	SITA Library and Information Management System
SMART	Spesifiek, meetbaar, bereikbaar, toepaslik en tydsgebonde (Specific, measurable, achievable, relevant en time-bound)
SRSA	Sport en Rekreasie Suid-Afrika (nasionale departement van Sport en Ontspanning)
UNESCO	Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
VKB	Voorsieningskettingbestuur
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKSS	Wes-Kaapse Sportskool
WKTK	Wes-Kaapse Taalkomitee

## 1 VISIE

'n Maatskaplik samehorige, kreatiewe en aktiewe Wes-Kaap.

## 2 MISSIE

Ons moedig uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur middel van die doeltreffende, bevoegde en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, asook deur middel van kreatiewe venootskappe met ander. Deur na uitnemendheid te beweeg, sal ons die omstandighede skep vir toegang en massadeelname, talent-identifisering en vaardigheidsontwikkeling.

## 3 WAARDES

Sorg, Bevoegdheid, Verantwoordbaarheid, Integriteit en Responsiwiteit.

## 4 WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Die Departement van Kultuursake en Sport beskou as bindend die wetgewende mandaat waarop sy totale funksionering gegronde is, veral doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering, gegronde op die nasionale regering se Witskrif oor Transformasie van Openbare Dienslewering, die Batho Pele-inisiatief.

DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die tabelle hier onder beskryf word.

### 4.1 Grondwetlike mandate

Artikel	Direkte Verantwoordelikheid van DKES om Nakoming te Verseker
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3) en (4): Taal	Die Wes-Kaapse Regering moet deur middel van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van ampelike tale reguleer en moniteer. Alle ampelike tale moet gelyke status hê en gelyk behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee, in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport, is verantwoordelik daarvoor om die implementering van die Wes-Kaapse Proviniale Taalbeleid, aanvaar in 2005, te moniteer en te evalueer, en moet minstens jaarliks aan die Wes-Kaapse Proviniale Wetgewer oor hierdie mandaat verslag doen.
Artikel 30: Taal en kultuur	DKES faciliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat deur die Departement aangebied en ondersteun word.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe	DKES moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van regering van samewerking en interregerings-betrekkinge	Die DKES werk met alle sfere van die regering saam. Met betrekking tot die spesifieke mandate werk die Departement nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en die nasionale Departement van Sport en Ontspanning (Sport en Rekreasie Suid-Afrika), met nasionale en provinsiale openbare entiteite en met Wes-Kaapse munisipaliteite.

Artikel	Direkte Verantwoordelikheid van DKES om Nakoming te Verseker
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 156(4): Toewysing van magte	<p>DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra of deleger van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklik wrys op plaaslike regering betrekking het, indien:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>(a) daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en</li> <li>(b) die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer.</li> </ul> <p>Die DKES, in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur, en deur die Voorwaardelike Toelaag vir Gemeenskapsbiblioteke, fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste. Plaaslike regering beskou hierdie funksie as 'n onbefondse mandaat.</p> <p>Die Departement sal deur middel van befondsing wat van die Proviniale Tesourie vir B3-munisipaliteite ontvang word, gedeeltelike befondsing aan hierdie munisipaliteite verskaf vir biblioteekdienste wat gelewer word.</p>
Bylae 4: Funksionele Gebiede van Gelyklopende Nasionale en Proviniale Wetgewende Bevoegdheid	<p>Kultuuraangeleenthede:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DKES werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsinstellings rakende gelyklopende kuns-, kultuur- en erfenaangeleenthede.</li> </ul> <p>Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in soverre die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Proviniale Wetgewer opdra:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DKES werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsinstellings rakende taalbeleidaangeleenthede.</li> </ul>
Bylae 5: Funksionele gebiede van Eksklusieve Proviniale Wetgewende Bevoegdheid	<p>Argiewe buiten en behalwe nasionale argiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe buiten en behalwe nasionale argiewe op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die DKES is verantwoordelik vir die lewering van die Proviniale Argief- en Rekordbestuursdiens.</li> </ul> <p>Biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale biblioteek- en inligtingdiens en om nou saam te werk met die openbare biblioteekowerhede om 'n openbare biblioteekdienst te lever.</li> </ul> <p>Museums buiten en behalwe nasionale museums:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DKES het 'n mandaat om eksklusieve provinsiale wetgewing rakende museums buiten en behalwe nasionale museums op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale Museumdiens, om nou saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun.</li> </ul>

Artikel	Direkte Verantwoordelikheid van DKES om Nakoming te Verseker
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Bylae 5: Funksionele gebiede van Eksklusieve Proviniale Wetgewende Bevoegdheid	<p>Provinciale kultuuraangeleenthede (met inbegrip van erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (die provinciale erfenishulpbronowerheid) van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy wettige mandaat uit te voer en te administreer. Die LUR [Lid van die (Provinciale) Uitvoerende Raad] het ook sekere wetlike magte en is wetlik die aangestelde appèlleringsowerheid.</li> <li>DKES voorsien professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Geografiese Naamkomitee om openbare oorlegpleging in verband met die standaardisasie van en veranderinge aan geografiese name in die Wes-Kaap te faciliteer en om aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse Geografiese Naamraad te doen. DKES voorsien professionele en ander ondersteuning aan hierdie Komitee.</li> </ul> <p>Sport en ontspanning:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>DKES het 'n mandaat om te help met die skep en ondersteuning van 'n bemagtigende omgewing vir sport- en ontspanningsaktiwiteite in die Wes-Kaap.</li> </ul>
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	DKES-amptenare is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van artikel 195. Hierdie artikel gee 'n beskrywing van die demokratiese waardes en beginsels wat die werk van openbare amptenare beheer. Artikel 195(1)(b) vereis dat die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe gebruik van hulpbronne bevorder moet word. Programme wat in die openbare sektor onderneem word, moet dus die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste lewer.
Artikel 92 en 133	Artikel 92 beklemtoon dat "lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle funksies". Dit noem verder dat hulle "die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer" moet voorsien. Artikel 133 brei hierdie vorm van aanspreeklikheid na die LUR'e [Lede van die Uitvoerende Raad] van 'n provinsie uit, met die LUR'e wat aan die provinsiale wetgewer verslag doen. In die Wes-Kaap word daar na LUR'e as provinsiale Ministers verwys.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997	
Artikel 5	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>die amptelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en moet</li> <li>hierdie tale gelyke status geniet.</li> </ol> <p>Die Wes-Kaapse Regering moet deur wetgewing en ander maatreëls die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa reguleer en moniteer.</p> <p>Die Wes-Kaapse Proviniale Regering moet ook praktiese en positiewe maatreëls implementeer om met betrekking tot die inheemse tale van die Wes-Kaap waarvan die status en gebruik histories verminder is, hul status te verhoog en hul gebruik te bevorder.</p>

Artikel	Direkte Verantwoordelikheid van DKES om Nakoming te Verseker
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997	
Artikel 70	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike befondsing, binne die Provinse se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Wes-Kaap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die DKES hou toesig oor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie rakende die implementering van die wetgewing wat vir hierdie doel afgekondig is.</p> <p>Registrasie van en steun aan kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, een van die provinsiale openbare entiteite waarvoor die DKES verantwoordelik is, is belas met die registrasie van en steun aan geregistreerde kultuurrade.</li> </ul>
Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet aktief beleidsrigtings aanvaar en implementeer om die welsyn van die mense van die Wes-Kaap te handhaaf, insluitend beleidsrigtings wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die bevordering van respek vir die regte van Wes-Kaapse kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe; en</li> <li>die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van die huidige geslag en komende geslagte.</li> </ul> <p>Die DKES het spesifieke beleidsrigtings om die implementering van hierdie bepalings te ondersteun.</p>
Artikel 82	Die voorskrywende beginsels van die provinsiale beleid in Hoofstuk 10 (artikel 81) is nie regtens afdwingbaar nie, maar dit rig die Wes-Kaapse Regering in die opstel en toepassing van wette.

#### 4.2 Wetgewende mandate

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van DKES
Algemeen		
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Departementeel bestuur.
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig)	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791 van 3 Junie 1994	Die wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van DKES, die regulering van die diensvoorraad, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste, 2013	Die 2013-weergawe van hierdie Wet was ten tyde van die skryf van hierdie dokument nog nie afgekondig nie.	DKES ontvang voorwaardelike toelae ingevolge die Wet op die Verdeling van Inkomste (WVI) en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.
Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Wet op Kulturele Instellings, 1998	Wet 119 van 1998	DKES moet met nasionaal verklaarde kulturele instellings saamwerk ten opsigte van kunste-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Wet op Bevordering van Kultuur, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegewys en DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie Wet.

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van DKES
Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegeken en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van die Wet.
Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Advieskomitee vir Nasionale Argiewe. Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van nasionale norme en standarde soos ingevolge hierdie wetgewing uiteengesit.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Nasionale Kunsteraad (NKR), vir samewerking met die Nasionale Kunsteraad en vir die koördinering van befondsing van die Nasionale Kunsteraad vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse verteenwoordiger in die Nasionale Erfenisraad, vir samewerking met die Nasionale Erfenisraad en vir die koördinering van aktiwiteite wat verband hou met die befondsing en projekte van die Nasionale Erfenisraad in die Wes-Kaap.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	DKES verseker nakoming van hierdie Wet deur toesig oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, op die Raad van die Suid-Afrikaanse Hulpbronagentskap (SAEHA).  DKES verseker nakoming van die Wet deurdat die LUR 'n Raad vir Erfenis Wes-Kaap moet aanstel, wat die Wes-Kaapse provinsiale erfenisowerheid is. DKES het ook die verantwoordelikhed vir skakeling en samewerking met SAEHA, Erfenis Wes-Kaap en munisipaliteite in verband met die bestuur van erfenishulpbronne. DKES help die LUR ook om appelle wat by hom of haar teen besluite deur Erfenis Wes-Kaap ingedien is, te hanteer.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995 (artikel 8(a))	DKES het toesig oor die Wes-Kaapse Taalkomitee, wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad as sy provinsiale taalkomitee vir die Wes-Kaap erken word.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name om navorsing te doen oor geografiese name in die Wes-Kaap, om standaardisasie te verseker en om waar nodig, konsultasie in verband met voorgestelde veranderinge tot geografiese name te faciliteer.

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van DKES
Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	<p>DKES is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger tot die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee.</p> <p>DKES is ook verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie rakende die benoeming van potensiële terreine tot die Suid-Afrikaanse Tentatiewe Lys en vir die benoeming van terreine tot die Suid-Afrikaanse Tentatiewe Lys vir UNESCO se Wêrelderfeniskomitee se lys van moontlike wêrelderfenisterreine.</p>
Sport		
Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998	<p>Hierdie wetgewing maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinering van verhoudings tussen SASKOK [die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee], Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA), sportfederasies, sportrade en ander agentskappe.</p> <p>Die Wet maak ook voorsiening vir maatreëls wat gerig is op die regstel van wanbalanse in sport en ontspanning; om gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; om voorsiening te maak vir dispuitoplossingsmeganismes in sport en ontspanning; en om vir verwante aangeleenthede voorsiening te maak.</p>

Provinsiale Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van DKES
Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Wes-Kaapse Proviniale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998	DKES het oorsig oor die Wes-Kaapse Taalkomitee en verskaf professionele en ander steun aan die Komitee. Die LUR is verantwoordelik vir die aanstel van die Komitee vir elke opeenvolgende dienstermy.
Wet op Wes-Kaapse Kultuurkommissies en Kultuurrade, 1998	Wet 14 van 1998	DKES het oorsig oor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en verskaf professionele en ander steun aan die Kommissie. Die LUR is verantwoordelik vir die aanstel van die Kommissie vir elke opeenvolgende dienstermy.
Wes-Kaapse Erfenisshulpbronbestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	DKES het oorsig oor Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenisshulpbronnerheid en verskaf professionele en ander steun aan die Raad van Erfenis Wes-Kaap. Die LUR is verantwoordelik vir die aanstelling van die Raad vir Erfenis Wes-Kaap vir elke opeenvolgende dienstermy.
Wes-Kaapse Erfenisshulpbron-bestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	DKES het oorsig oor Erfenis Wes-Kaap en verskaf professionele en ander steun aan die Raad van Erfenis Wes-Kaap. Die LUR is verantwoordelik vir die aanstelling van die Raad vir elke opeenvolgende dienstermy.
Wet op die Proviniale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005	DKES is verantwoordelik vir die implementering van hierdie Wet wat onder andere 'n rekord- en argiediens vir die Wes-Kaap vestig, en maak voorsiening vir die aanstelling van 'n argiefadvieskomitee.

Provinsiale Wetgewing	Verwysing	Sleutelverantwoordelikhede van DKES
Sport		
Geen		
Provinsiale Ordonnansies: Kultuursake, Biblioteek- en Argiefdienste		
Ordonnansie op Museums, 1975	Ordonnansie 8 van 1975	DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.
Ordonnansie op Oude Kerk Volksmuseum Van't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979	DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.
Ordonnansie op Provinciale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981	DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.

#### 4.3 Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing en Sleutelverantwoordelikhede van DKES
Nasionale beleide	
Nasionale Witskrif op Kunste, Kultuur en Erfenis (1996)	Die beleidsdokument, wat aan omvattende prosesse van openbare konsultasie onderworpe was, gee 'n nasionale raamwerk vir 'n gesamentlike beleid vir die nasionale regering, asook al nege die provinsies oor kunste, kultuur en erfenis en biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)	Hierdie beleid voorsien 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandaat vir alle staatsinstellings, insluitende die DKES. Dit sit ook beginsels en implementeringstrategie wat gevvolg moet word, uiteen.
Nasionale Rekordbestuurbeleid (Rekordbestuurbeleidshandleiding, 2007)	Die beleid reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame met betrekking tot die bestuur van hulle rekords moet funksioneer en hoe die DKES oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap toesig moet hou.
Bestuur van Elektroniese Rekords van Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om aan die wetgewende vereistes rakende elektroniese rekords as 'n integrale deel van rekordhulpbronbestuur te voldoen. DKES moet aan voorgeskrewe nasionale en internasionale standarde voldoen, waarvan toepassing, met betrekking tot hardware, sagteware en stoormedia vir argiefbewaring.
Nasionale Witskrif op Sport en Ontspanning (Finaal, Augustus 2012)	Onder die slagspreuk "Getting the nation to play" fokus hierdie beleid op die volgende prioriteite: <ul style="list-style-type: none"> <li>• om vlakke van deelname aan sport en ontspanning te verhoog;</li> <li>• om sport se profiel te vergroot in 'n tyd van konflikterende prioriteite;</li> <li>• om die kans op sukses tydens groot geleenthede te maksimaliseer; en</li> <li>• om sport voorop te plaas in pogings om misdaad te verminder.</li> </ul> <p>Die algemene verantwoordelikheid vir die voorsiening en lewering van sport en ontspanning berus by Sport en Rekreasie Suid-Afrika – die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning.</p>

Beleid	Beskrywing en Sleutelverantwoordelikhede van DKES
Nasionale beleide	
Regeringswyse Moniterings- en Evalueringsbeleidsraamwerk (2007)	Die oogmerk van die Regeringswyse Moniterings- en Evaluasiestelsel is om by te dra tot verbeterde staatsbestuur en om die doeltreffendheid van openbaresektor-organisasies en -instellings te verbeter. Hierdie dokument voorsien die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitering en evaluering in Suid-Afrika. Dit bepleit ook die ontwikkeling van 'n moniterings- en evalueringstelsel en bevorder resultaatgebaseerde bestuur.
Groenskrif op Prestasiebestuursmonitering en -evaluering (2010)	'n Sleutelelement van die groenskrif se benadering is om te fokus op die prioriteit waaroor die regering in die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk ooreengekom het. Dit is daarop gemik om regeringsamptenare en die uitvoerende owerheid te mobiliseer om op uitkomste- en uitsetmaatreëls soos deur die regering bepaal, te fokus. Die proses is bedoel om departementeel en individuele prestasie op alle vlakke te lei.
Riglyne vir Nasionale en Proviniale Departemente vir die Voorbereiding van 'n M&E-raamwerk	Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n M&E-raamwerk in alle regeringsinstellings. Die riglyne is bedoel om as 'n instrument te dien om vordering met betrekking tot die bereiking van doelwitte van die instellings te meet. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanduiders moet hê. Die aanduiders moet met spesifieke beleidsvereistes in verband gebring word en die stelle aanduiders moet ontleed word om oorsaak- en gevolgverwantskappe te bepaal, waar dit wel bestaan.
Nasjonale Sport- en Ontspanningplan (2011)	Hierdie plan vereis dat DKES sy sleuteldoelwitte in ooreenstemming moet bring met die strategiese stukrag van die verklaring wat die nasionale visie vir sport en ontspanning oor die volgende agt jaar uiteensit.
Proviniale beleidsrigtings	
Wes-Kaapse Proviniale Biblioteekdiensbeleid	Die beleid voorsien riglyne vir strategiese beplanningsprosesse en gedetailleerde funksies wat by Biblioteekdienste verrig word. Dit voorsien ook 'n bestuurstelsel vir die komponent.
Wes-Kaapse Taalbeleid (gepubliseer in die Proviniale Koerant as PK 369/2001 van 27 November 2001)	Saam met al die ander provinsiale departemente is die DKES verplig om die bepalings van hierdie beleid te implementeer. Daarbenewens moet die DKES deur middel van 'n sentrale taaleenheid taalondersteuningsdienste aan die Wes-Kaapse Regering lewer.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)	Hierdie befondsingsbeleid dien as riglyn vir die toewysing van finansiële bystand aan kuns- en kultuurorganisasies.
Befondsingsriglyne vir Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie befondsingsbeleid dien as riglyn vir die toewysing van finansiële bystand vir sport- en ontspanningsorganisasies.

Beleid	Beskrywing
Provinsiale beleidsrigtings	
Konsepbeleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Entiteite (2007)	Die konsepbeleid sit die maatstawwe uiteen wat in oorweging geneem moet word en die prosesse wat deur die DKES en die Wes-Kaapse Geografiese Naamkomitee ('n raadgewende liggaam) gevvolg moet word wanneer belanghebbendes en gemeenskappe geraadpleeg word oor die standaardisering, herbenoeming van of veranderinge aan bestaande geografiese name. Hierdie liggame doen aanbevelings by die Suid-Afrikaanse Geografiese Naamraad en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Strategie vir Moniterings- en Evalueringstelsels (konsep)	Hierdie dokument dien as 'n provinsiale reaksie op die Regeringwye Moniterings- en Evaluasiestelsel. Dit is daarop gemik om uitvoerende verslagdoening te verbeter en om toenemend voorsiening te maak vir bewysgebaseerde besluitneming vir beleidsverfyning en hulpbrontoewysing om bestuur te verbeter.
Konsep- Wes-Kaapse Museumbeleid (2012)	Hierdie konsepbeleid voorsien 'n raamwerk vir die implementering van die konstitusionele mandaat van die Wes-Kaapse Regering in verband met beleid en wetgewing ten opsigte van museums buiten en behalwe nasionale museums. Dit detailleer ook die basis vir voorgestelde nuwe wetgewing oor provinsiale museums.

Strategieë	Beskrywing
Nasionale strategieë	
Raamwerk vir Samewerking oor die Organisering, Koördinering en Bestuur van Skoolsport in Suid-Afrika (17 Maart 2004)	Hierdie raamwerk is daarop gemik om te help met die skep van 'n bemagtigende omgewing vir skoolsport.
Mzansi's Golden Economy: Die bydrae van die Kuns-, Kultuur- en Erfenis sektor tot die Nuwe Groeipad.	Hierdie dokument is daarop gemik om leiding te gee vir die kuns-, kultuur- en erfenis sektor, om die ekonomie te laat groei en om werkgeleenthede te skep ter ondersteuning van die nasionale strategie vir groei.
Memorandum van Verstandhouding tussen die Departement van Basiese Onderwys en Sport en Rekreasie Suid-Afrika oor die instelling van en samewerking met die nuwe skoolsportbeleid en stelsel, en die herinstelling van liggaamsopvoeding in skole (2011).	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om 'n goed gekoördineerde en foutlose skoolsportstelsel in ons land as 'n kritiese faktor in die ontwikkeling van jongmense te bevorder.</li> <li>• Om te verseker dat institusionele strukture in plek is om die lewering van 'n skoolsportstelsel te implementeer en te moniteer.</li> <li>• Om toegang tot en lewering van skoolsport vir alle leerders, ongeag vermoë, in alle skole op grond van die beginsel van gelykheid en toegang te reguleer.</li> <li>• Maak rolle en verantwoordelikhede van alle vennote en belanghebbendes vir lewering sowel as befondsing duidelik.</li> </ul>

Strategieë	Beskrywing
Provinsiale strategieë	
Genre-ontwikkelingstrategie (2008)	Hierdie strategie voorsien die raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kunsvorme in die Wes-Kaap.
Kultuurforumstrategie	Hierdie strategie is daarop gerig om samewerking tussen DKES en gemeenskappe te verbeter deur kultuurforums te vestig en deur hulle kapasiteit uit te bou.
Voorwaardelike toelae: Herkapasiteringsprogram vir Biblioteke vir die verbetering van gemeenskapsbiblioteekdienste	DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van die projek vir voorwaardelike toelae vir biblioteke in die Wes-Kaap.
Wes-Kaapse Inisiasieraamwerk	Hierdie beleidsdokument verskaf 'n raamwerk vir die inisiasie van munisipaliteite, nie-regeringsorganisasies, kultuurgroepe en departemente van die provinsiale regering.

#### 4.4 Toepaslike hofbeslissings

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
<i>The Chairpersons' Association v Minister of Arts and Culture [2007] SCA 44 (RSA)</i>	Appèlhofsaaknr. 25/2006	Hierdie uitspraak het betrekking op voldoende raadpleging met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbendes met betrekking tot voorgestelde veranderinge aan geografiese name. DKES en die Wes-Kaap Geografiese Naamkomitee wat deur die LUR ingestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die betrokke wetgewing, veral met betrekking tot die fasilitering van oorlegpleging met belanghebbendes en gemeenskappe. Hulle moet in die prosesse en procedures wat hulle gebruik om voorgestelde veranderinge aan geografiese name te bestuur, die uitspraak in aanmerking neem.
<i>Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape [2007] SCA 170 (RSA)</i>	Appèlhofsaaknr. 647/06	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, voorwaardes te stel ten opsigte van 'n ontwikkeling.
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation</i>	Wes-Kaapse Hooggereghof, Hofsaaknr. 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n groot impak gehad op die appèlprosesse van die tribunale wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees saam met Regulasie 12 van PK 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. DKES en die LUR het regstellende stappe geneem om billike administratiewe prosesse te verseker, om voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, en beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid ten opsigte van die audi alteram partem maxim grondbeginsel.
<i>Willows Properties (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Sport</i>	Wes-Kaapse Hooggereghof, Hofsaaknr. 13521/08	Die aansoeker het 'n dringende aansoek by die Hooggereghof ingedien ten einde die LUR te dwing om 'n besluit te neem, of anders om die Rekord van Besluitneming uit te reik ten opsigte van 'n appèl wat ingedien is by die LUR, ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees saam met regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die impak wat die besluit op die Departement het, is dat dit moet verseker dat tribunale betyds die rekords van besluitneming uitreik. Regstellende stappe is geïmplementeer.

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association and Another v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk and Others 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.	Wes-Kaapse Hoogeregshof no. 1926/2008	Die Hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenis hulpbronagentskap of Erfenis Wes-Kaap jurisdiksie gehad het ten opsigte van terreine wat ingevolge artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenis hulpbronne deur SAEHA as Graad 1-terreine gegradeer is. Die Hof het bevind dat SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie hofuitspraak vir DKES is dat die Departement regshulp aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen om die wetgewing te interpreteer en dit moet verseker dat Erfenis Wes-Kaap binne sy regsmandaat optree.

#### 4.5 Beplande beleidsinisiatiewe

As deel van die vyfjaar-Strategiese Plan word die beleidsinisiatiewe hier onder vir die 2013/2014-boekjaar beplan.

Beplande beleidsinisiatiewe	Tydsraamwerk
Hersiening van die bestuur van kultuurfasiliteite wat onder die toesig van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie geplaas is	2012–2013 Wag op die voltooiing en aanvaarding van die aanbevelings gemaak in die hersiening van openbare entiteite wat tans geskied
Departementele Befondsingsbeleid vir Sport, Kuns en Kultuur	Lopend
Departementele Beleid oor die Bestuur van Prestasie-inligting	Lopend
Ontwikkeling van 'n Departementele Kommunikasiebeleid	2012–2013

#### 5 BYGEWERKTE SITUASIE-ONTLEIDING

Kuns en kultuur is in die verlede hoofsaaklik as 'n ontspanningsaktiwiteit beskou. Daar was die afgelope tyd 'n merkbare verskuiwing. Kuns en kultuur word nou beskou as 'n gebied wat 'n verskeidenheid potensiële loopbaangeleenthede bied, en 'n potensieel groot bydraer tot die Suid-Afrikaanse ekonomie. Hierdie verandering, wat deur die Mzansi's Golden Economy-strategie van die nasionale Departement van Kuns en Kultuur ondersteun word, sal meer gespesialiseerde opleiding verg. DKES sal 'n aantal rolspelers betrek om toegang te kry tot geleenthede vir geakkrediteerde opleiding, soos dié wat deur die nuut gestigte Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Kultuur, Kuns, Toerisme, Gasvryheid en Sport (CATHSSETA) ingestel is.

Die nasionale Departement van Toerisme het die Nasionale Strategie vir Erfenis- en Kultuurtoerisme in 2011 geloods. Die Nasionale Strategie vir Landelike Toerisme is in 2012 geloods. Hierdie dokumente sal strategiese rigting gee aan die DKES en die verwante erfenisinstansies in hulle pogings om besoekers se ervaring van die Wes-Kaap te verbeter. Die hersiening van openbare entiteite in opdrag van die Departement van die Premier sal na verwagting binnekort voltooi word. DKES wag op die hersiening sodat daar geassesseer kan word of die aanbevelings enige impak het op die toekomstige aktiwiteite en verantwoordelikhede van Erfenis Wes-Kaap, die Wes-Kaapse Taalkomitee, en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie.

Die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (Wet 12 van 2012) sal 'n belangrike impak hê op die Wes-Kaap en ander provinsies. Die besonderhede sal duidelik word namate die nasionale taalbeleid vorm aanneem. Nog 'n potensieel belangrike regsonderwerp in 2012 was die Kabinet se goedkeuring van die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisyraad en die voorlegging daarvan aan die Parlement. Volgens Sensus 2011 het ongeveer 432 000 mense sedert 2001 na die Wes-Kaap gemigreer. Ongeveer 114 000 van hierdie mense kom van plekke buite Suid-Afrika. Die vraag wat ontstaan, is hoe die dienste van die Wes-Kaapse Regering meer toeganklik gemaak kan word vir mense wat tale praat wat in ander deel van die wêreld algemeen gepraat en verstaan word, maar wat nie amptelike tale van Suid-Afrika is nie.

## 5.1 Prestasie-omgewing

### Kultuursake

DKES hoop om voort te gaan om sinvolle werkgeleenthede binne die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) van die Omgewings- en Kulturele Sektor te skep om aandag aan die hoë vlak van werkloosheid te skenk.

Die impak van die afswaai in die ekonomie die afgelope jaar, kan gesien word in die vraag na hulpbronne in die kuns- en kultuursektor, wat baie groter is as die befondsing wat vir die Departement beskikbaar is. Die DKES het gedurende die 2012/13-boekjaar 244 aansoeke vir befondsing van kuns en kultuur ontvang, wat altesam meer as R104 miljoen beloop het. Die Nasionale Kunsteraad het besluit om 'n gedifferensieerde befondsingsmodel wat die behoeftes van opkomende, intermediêre en gevestigde organisasies in die kuns- en kultuursektor doeltreffender sal aanspreek, te aanvaar.

Finansiële bystand aan kuns- en kultuurorganisasies					
	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13
Getal aansoeke ontvang	198	225	208	265	244
Getal subsidies toegeken deur DKES	78	82	77	66	57
Totale bedrag toegeken	R6 708 220	R6 728 717	R6 261 870	R10 609 550	R11 175 000

Kaapstad is aangewys as die Wêreldontwerphoofstad vir 2014. Van die projekte en programme wat DKES vir die 2013/14- en 2014/15-boekjaar beplan, sal tydens hierdie belangrike gebeurtenis 'n voordeelige impak op Kaapstad en die omliggende gebiede hé.

Die finalisering van die Konsepwetsontwerp vir Wes-Kaapse Proviniale Museums en die verwante beleid sal 'n groot impak hé op die bestaande 29 provinsiale, provinsiaal-ondersteunde en plaaslike museums. Die konsepwetsontwerp gee aandag aan die konstitusionele mandaat van die Wes-Kaapse Regering ten opsigte van museums wat nie nasionale museums is nie. Daar is bykans 130 museums in die Wes-Kaap, wat meer as 10% van die museums in Afrika verteenwoordig. Die vraag na hulpbronne is weer eens veel groter as wat tans aan DKES beskikbaar is. Nie net styg die koste van die instandhouding van museums (basiese elektrisiteit, water en sanitasie sowel as deurlopende fisiese instandhouding) nie, maar die afswaai in die ekonomie en die agterstand in geoudeerde finansiële state het skenkings van die privaatsektor feitlik uitgeskakel. Dit het meegebring dat die meeste geaffilieerde museums finansieel geruïneer is.

Die afswaai in die ekonomie het oënskynlik die afgelope jaar nie 'n nadelige effek gehad op die getal besoekers aan geaffilieerde museums nie. Dit is hoofsaaklik die gevolg van nuwe museumuitstallings wat by 'n aantal geaffilieerde museums geinstalleer is, die wisselkoers wat Suid-Afrika 'n aantreklike bestemming vir buitelandse toeriste maak, en die doeltreffender bevordering van binnelandse toerisme.

Besoekers aan geaffilieerde museums in die Wes-Kaap				
	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12
Getal besoekers	-	318 057	331 184	368 332

Daar was 'n volgehoue verskuiwing in die rigting van groter veeltaligheid in Suid-Afrika. Engels en Afrikaans is nie so oorheersend in die openbare sfeer as voor die komst van demokrasie in 1994 nie. Hoewel die verhouding moedertaalsprekers van Engels in die Wes-Kaap sedert 1996 stabiel gebly het, was daar 'n merkbare toename in die verhouding isiXhosa-moedertaalsprekers en 'n merkbare afname in die verhouding Afrikaans-moedertaalsprekers. Afrikaans is die eerste taal van net minder as die helfte as die provinsie se bevolking.

Verhouding eerstetaalsprekers in die Wes-Kaap, 1996–2011\*

	1996-sensus	2001-sensus	2011-sensus
Afrikaans	58.5%	55.3%	49.7%
IsiXhosa	18.9%	23.7%	24.7%
Engels	20.1%	19.3%	20.2%
Ander	2.6%	1.7%	5.4%

\* Bron: Sensus 2011.

#### Biblioteek- en Argiefdienste

Hoewel die getal biblioteeksentrums in die Wes-Kaap bestendig toeneem, bly die vraag steeds groter as die aanbod. Daar is 'n groot agterstand in befondsing om nuwe biblioteekfasilitete te bou en bestaande fasilitete te ogradeer. DKES ontvang versoek vir biblioteekfasilitete by indabas oor die geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP), deur middel van brieve van georganiseerde gemeenskapsgroepe, van ander forums en van sommige munisipaliteite. As gevolg van beperkte befondsing, vind die Biblioteekdiens dit egter moeilik om in die steeds groeiende vraag te voorsien.

Dalings in die beskikbare fondse, tesame met stygings in die prys van biblioteekmateriaal, het ook die verkryging van nuwe biblioteekmateriaal onder groot druk geplaas. Bykomende befondsing vir biblioteekmateriaal is nodig om dienste in stand te hou, te hersien en uit te brei, insluitend die voorsiening van noodsaaklike materiaal vir leerderondersteuning. Die huidige tendens van skoolbiblioteke/openbare biblioteke met 'n dubbele doel, sal waarskynlik verdere uitdagings ten opsigte van befondsing vir die verkryging van materiaal vir leerderondersteuning inhou.

Nuwe riglyne van die Nasionale Tesourie, wat biblioteekboeke herklassifiseer van voorraaditems na geringe bates, het op 1 April 2012 in werking getree. Dit het 'n belangrike impak op die Biblioteekdiens gehad. 'n Beleidsdokument vir die hantering van boeke as bates moes opgestel word en nuwe werkvlloeprocedures vir die sentrale en streeksorganisasies van die Biblioteekdiens moes opgestel word.

DKES is sterk ten gunste van die uitvoerende toekenning van die biblioteekfunksies tot die laagste vlak waar dit doeltreffend bestuur kan word. Artikels 238 (a) en (b) van die Grondwet maak voorsiening vir die toekenning van 'n funksie aan 'n spesifieke owerheid, insluitend oordrag deur middel van wetgewing van 'n funksie in die nasionale regeringsfeer na alle provinsies of, in die provinsiale regeringsfeer, na munisipaliteite wat binne 'n aangewese kategorie val. Op 2 Augustus 2012 het die Wes-Kaapse Regering 'n voorstel vir bykomende befondsing by die Tegniese Komitee oor Finansies van die Nasionale Tesourie ingedien om openbare biblioteekdienste uit te brei.

Befondsing deur voorwaardelike toelae en munisipale vervangingsbefondsing help om die finansiële las op munisipaliteite ten opsigte van biblioteekdienste te verlig. In al 25 munisipaliteite van die Wes-Kaap dek hierdie befondsing egterslegs 15% van biblioteekuitgawes uit eie befondsing.

Die gebrek aan breëbandkoppeling in landelike gebiede belemmer die potensiële gebruik van die Internet in daardie gebiede. Toegang deur middel van satellietverbindings is beperk. Daar word gehoop dat die huidige Wes-Kaapse Breëbandinisiatief sal help om die situasie te verbeter en dat dit die implementering van die SITA Library Information Management System (SLIMS) by alle openbare biblioteke in landelike gebiede sal ondersteun.

Doeltreffende en doelmatige rekordbestuursdienste vir Wes-Kaapse regeringsliggame bly 'n belangrike verpligte funksie van die Argief- en Rekorddiens. Inspeksies van rekordbestuurspraktyke in hierdie instansies word jaarliks uitgevoer en rekordbestuurders en ander personeellede ontvang gereeld opleiding. Alle lêerplanne wat deur regeringsliggame gebruik word, moet deur die Diens goedgekeur word.

Die verbintenis om spoedige, maklike en veilige toegang te bied tot geriewe en om ons kliënte so doeltreffend en doelmatig as moontlik te bedien, noodsaak die implementering van moderne tegnologie. Veral kliënte se vereistes ten opsigte van inligtingstegnologie moet in ag geneem word deur seker te maak dat tegniese infrastruktuur geoptimaliseer word om hulle behoeftes te ondersteun. Niteenstaande die digitalisering van eiendom, sal die bedryfsrekords ook gedigitaliseer moet word om die herwinning van inligting in die rekords te faciliteer, bv. lêerplanne

wat voorheen beëindig is (terugskandering) en magtiging vir vernietiging wat by plaaslike regeringskantore uitgereik is. Dit sal ook vir die personeel die geleentheid gee om kennis te verwerf oor die digitalisering van rekords en hulle vaardighede te verbeter.
